| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar | YES / NO |
| Sirkuleer aan Regters | YES / NO |
| Sirkuleer aan Landdroste: | YES / NO |
| Sirkuleer aan Streeklanddroste: | YES / NO |

# IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)

Saakno: CA&R 98/10
Datum verhoor: 13 Junie 2011
Datum gelewer: 01 Julie 2011

**STEVEN KAMMIES** **APPELLANT**

**en**

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

***CORAM*: OLIVIER R et HENRIQUES WNR**

# UITSPRAAK

**HENRIQUES WnR**

1] Die appellant is op 23 Junie 2010 skuldig bevind op die volgende twee aanklagte:

1.1] ‘n Oortreding van artikel 65(2)(a) van Wet 93 van 1996 (‘*die Wet*’) deurdat hy ‘n motorvoertuig bestuur het op 30 Oktober 2009 terwyl die konsentrasie alkohol in sy bloed 0.17 g/100 ml was;

1.2] ‘n Oortreding van artikel 65(1)(a) van die Wet deurdat hy op 26 Februarie 2010 ‘n motorvoertuig bestuur het terwyl hy onder die invloed van sterk drank was.

2] Vir doeleindes van vonnis is altwee klagtes saamgeneem en is die appellant gevonnis tot ‘n boete van R50 000,00 of sestig maande gevangenisstraf

waarvan R25 000,00 of dertig maande gevangenisstraf voorwaardelik opgeskort is.

3] Verlof tot appel is deur hierdie hof aan die appellant verleen op 26 Oktober 2010 om teen sy opgelegde vonnis te appelleer nadat sy aansoek deur die verhoorhof van die hand gewys is op 12 Augustus 2010.

4] Die appellant het skuldig gepleit op beide die aanklagte. Volgens sy pleitverduideliking het hy die volgende feitebasis voor die Hof geplaas wat deur die aanklaer aanvaar is:

> "Ek, die ondergetekende, STEVEN KAMMIES verklaar hiermee onder eed as volg:
>
> 1. ......
>
> 2. ......
>
> 3. Ten opsigte van klagte 1 verklaar ek dat ek op of ongeveer 30 Oktober 2009 geld getrek het by Standard Bank te Petrusville om 'n boete by die SAPD stasie te betaal.
>
> 4. Toe ek by die SAPD stasie kom, het lede van die SAPD aan my gesê dat ek onder die invloed van drank is en my bloed is getrek. Ek het vroeër dié dag twee rums en twee Heinekens by 'n vriend in Philipstown gedrink.
>
> 5. Ek erken dat die bloed binne twee ure getrek was en dat die inhoud van die artikel 212 verklaring waar en korrek is en dat ek insae daarin gehad het en erken die uitslag daarvan.
>
> 6. Ek erken dat ek skuldig is aan die misdryf van oortreding van bepalings van artikel 65(2)(a) gelees met artikels 1, 65(3), 65(4), 65(8), 65(9), 69(1), 73 en 89 van die Nasionale Padverkeerswet.
>
> 7. Ek erken dat ek op of omtrent 30 Oktober 2009 en te of naby Visagiestraat, Petrusville, op 'n openbare pad, te wete Visagiestraat, in die distrik van Philipstown, 'n voertuig, te wete 'n Nissan Skyline met registrasienommer BLR486NC bestuur het terwyl die konsentrasie alkohol in enige monster van bloed nie minder as 0,05 g/100 ml bloed was nie, te wete 0,17 g/100 ml bloed. Ek erken dat ek geweet het dat ek nie 'n voertuig op 'n openbare pad mag bestuur terwyl die bloedalkohol hoër is as die toelaatbare perk, naamlik 0,05 g/100 ml bloed nie en ek geweet dat ek gestraf kan word vir hierdie optrede.

8. Ten opsigte van klagte nommer 2 erken ek verder dat ek op of ongeveer 26 Februarie 2010 op die pad tussen Vanderkloof en Petrusville gery het nadat ek van 'n funksie af gekom het waar ek drie Heinekens gedrink het.

9. 'n Voertuig het van voor af gekom en sy ligte was op "bright" gewees en het my vervolgens verblind. Toe ons by mekaar verby gery het, het ons voertuie teen mekaar gebots waarna ek afgetrek het.

10. Ek erken dat ek nie 'n voertuig met die nodige vaardigheid kan bestuur nie, aangesien ek onder die invloed van drank was en my optrede nie soos dié van 'n nugter persoon is nie.

11. Ek erken dat ek skuldig is aan die misdryf van 'n oortreding van die bepalings van Artikel 65(1)(a) gelees met artikels 1, 33, 34, 35, 65(3), 65(4), 65(5), 65(8), 65(9), 69(1), 73 en 89 van die Nasionale Padverkeerswet.

12. Ek erken dat ek op/omtrent 26 Februarie 2010 en te of naby Petrusville op 'n openbare pad te wete die Petrusville/Vanderkloof pad, in die distrik van Philipstown, 'n voertuig, te wete 'n Nissan Skyline, met registrasienommer BLR486NC bestuur het terwyl ek onder die invloed van drank/alkohol was en ek het geweet dat dit verkeerd is om dronk te bestuur en daarvoor gestraf kan word.

13. Ek bied my verskoning ook aan hierdie agbare Hof aan en bevestig dat ek diepe berou oor my onsinnige optredes het."

5] Die volgende persoonlike omstandighede van die beskuldigde is voor die verhoorhof geplaas met betrekking tot vonnis, naamlik dat:

5.1] hy 'n 25-jarige ongetroude man is in 'n saamleefverhouding. Alhoewel hy geen kinders het nie sorg hy vir sy ma,

5.2] hy gewerk het as 'n spanleier by Prime Electrical;

5.3] hy skuldig gepleit het op beide klagtes en nie die Hof se tyd gemors het nie;

5.4] hy berou het oor wat hy gedoen het;

5.5] 'n betaling van 'n boete 'n gepaste straf sou gewees het aangesien hy R7 200,00 in 'n maand verdien het. Na aftrekkings het hy R6 000,00 tot sy beskikking gehad – hy kon dus die boete afbetaal teen 'n bedrag van R700,00 per maand.

5.6] hy geen soortgelyke vorige veroordelings of enige ander vorige veroordelings gehad het.

6] Die landdros het oorweging geskenk aan die appellant se persoonlike omstandighede ten tyde van vonnisoplegging. Dit was gemene saak dat wat betref die eerste aanklag daar geen skade aangerig was aan enige eiendom en dat geen persoon enige beserings opgedoen het nie. Met betrekking tot die tweede aanklag was daar skade aan die ander motorvoertuig maar geen beserings of lewensverlies ten opsigte van enige persoon nie.

7] Dit blyk dat die landdros van oordeel was dat die volgende faktore die tweede voorval meer verswarend maak, naamlik dat die appellant ten tyde van die voorval bewus was van ‘n hangende saak teen hom en dat die voorval plaasgevind het binne ‘n bestek van vier maande na die eerste voorval.

8] Met betrekking tot vonnis merk die landdros soos volg op:[1]

> “Mnr, Kammies, nou kom ons by vonnisoplegging. Ek is dood eerlik, u is vir my ‘n perfekte kandidaat vir gevangenisstraf. Ek kan nie sien hoe u binne 4 maande dieselfde oortreding net in ‘n erger graad gaan pleeg en u nie na ‘n gevangenis toe moet verwys word nie. Die enigste rede hoekom ek dit nie vandag doen nie, is omdat die Aanklaer gesê het u moet vandag ‘n kans kry om buite die deure van die gevangenis te rehabiliteer.
>
> Mnr Kammies, die Hof – die enigste ander oplossing wat hierdie Hof het is om vir u ‘n boete te gee vandag. Maar u moet besef die boete moet van so ‘n aard wees dat u besef dat dit wat u gedoen het is verkeerd en u waarskynlik sal voorkom om weer so ‘n misdaad te pleeg. .......
>
> Mnr Kammies, die eerste oortreding is u skuldig bevind aan ‘n oormatige hoeveelheid alkohol in u bloed. Dit is seker darem nie die hoogste alkohol waarmee hierdie Hof al gewerk het nie en in die lig daarvan stem die Hof saam dat ‘n opgeskorte vonnis in daardie geval dan gepas is. Die tweede geval is egter ‘n ernstige misdryf. Vier maande nadat u weet die Polisie het u bloed getrek en versend omdat u dronk bestuur het, gaan u waaragtig weet (sic) weer en u gaan bestuur weer dronk en u is in ‘n ongeluk betrokke. Gelukkig vir u was daar nie beserings nie en dit sal die Hof in ag neem. Ten opsigte van die skade wat aan die voertuie is, is die Hof nie toegespreek nie. Ek weet nie watse skade daar is nie. Ter strafversagting sal ek aanvaar daar was geen skade aan die voertuie gewees nie.
>
> Meneer, die Hof gaan u vandag nie apart op hierdie misdrywe vonnis

1 Rekord, bladsy 22 en 23.

nie, want dan is die Hof van mening dat die vonnisse te swaar gaan wees. Die Hof gaan klagtes 1 en 2 saam neem vir vonnisdoeleindes. So Meneer, die gesag sê die Hof moet genade vir elke persoon vind. U genade word gevind in die feit dat klagtes 1 en 2 saam geneem word vir vonnisdoeleindes.

Dan is die Hof van mening die volgende is 'n gepaste vonnis in u geval. U word beboet met R50 000,00 of 60 maande gevangenisstraf waarvan R25 000,00 of 30 maande gevangenisstraf opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat u nie weer skuldig bevind word aan 'n oortreding van Artikel 65(1), dit is Meneer, bestuur van 'n motorvoertuig onder die invloed van sterk drank of 'n verdowingsmiddel wat 'n narkotiese uitwerking het of Artikel 65(2), dit is 'n oormatige hoeveelheid alkohol in u bloed nie, van Wet 63 van 1996 nie en wat gepleeg is gedurende die tydperk van opskorting nie. Met ander woorde Meneer, dit is vandag R25 000,00 of 30 maande gevangenisstraf."

9] Die appellant het op die volgende gronde gesteun in sy appel teen die vonnis:[2]

9.1] Dat die verhoorhof nie al sy persoonlike omstandighede en meer spesifiek sy finansiële posisie in ag geneem het nie;

9.2] Dat die verhoorhof nie die norm van boetes in soortgelyke sake in ag geneem het nie tydens vonnisoplegging;

9.3] Dat die vonnis swaar en skokkend onvanpas is gegewe die omstandighede.

10] Dit is geykte reg dat 'n Hof van Appél nie sal inmeng met die vonnis wat opgelê is tensy die vonnis skokkend onvanpas is en daar 'n mistasting of 'n onreëlmatigheid bestaan. In **S v Giannoulis**[3] stel Holmes AR dit soos volg:

"1. In every appeal against sentence, whether imposed by a magistrate or a Judge, the Court hearing the appeal –

(a) should be guided by the principle that sentence is '*pre-eminently a matter for the discretion of the trial Court*', and

(b) should be careful not to erode such discretion: hence the further principle that the sentence should only be altered if the discretion has not been '*judicially and properly exercised'*.

2 Rekord, bladsy 68.

3 1975 (4) SA 867 (HHA) te bladsy 868 F-G.

2. The test under *(b)* is whether the sentence is vitiated by irregularity or misdirection or is disturbingly inappropriate."

11] In **S v Kibido**[4] het die Appélhof dit só gestel:

> "Now, it is trite law that the determination of a sentence in a criminal matter is pre-eminently a matter for the discretion of the trial court. In the exercise of this function the trial court has a wide discretion in (a) deciding which factors should be allowed to influence the court in determining the measure of punishment and (b) in determining the value to attach to each factor taken into account (see S v Fazzie and Others 1964 (4) SA 673 (A) at 684A - B; S v Pillay 1977 (4) SA 531 (A) at 535A - B). A failure to take certain factors into account or an improper determination of the value of such factors amounts to a misdirection, but only when the dictates of justice carry clear conviction that an error has been committed in this regard (S v Fazzie and Others (supra) at 684B - C; S v Pillay (supra) at 535E).
>
> Furthermore, a mere misdirection is not by itself sufficient to entitle a Court of appeal to interfere with the sentence; it must be of such a nature, degree, or seriousness that it shows, directly or inferentially, that the court did not exercise its discretion at all or exercised it improperly or unreasonably (see Trollip JA in S v Pillay (supra) at 535E - G)."

12] In **S v Kgosimore**[5] het die Appélhof die toets finaal beslis soos volg omskryf:

> "[10] It is trite law that sentence is a matter for the discretion of the court burdened with the task of imposing the sentence. Various tests have been formulated as to when a Court of appeal may interfere. These include whether the reasoning of the trial court is vitiated by misdirection or whether the sentence imposed can be said to be startlingly inappropriate or to induce a sense of shock or whether there is a striking disparity between the sentence imposed and the sentence the Court of appeal would have imposed. All these formulations, however, are aimed at determining the same thing; viz whether there was a proper and reasonable exercise of the discretion bestowed upon the court imposing sentence. In the ultimate analysis this is the true inquiry. (Compare S v Pieters 1987 (3) SA 717 (A) at 727 G - I.) Either the discretion was properly and reasonably exercised or it was not. If it was, a Court of appeal has no power to interfere; if it was not, it is free to do so."

13] Ek gaan nou oorweging skenk aan die gronde waarop die appellant steun. Advokaat Nel, wat vir die appellant verskyn het, het betoog dat die verhoorhof nie die appellant se persoonlike omstandighede behoorlik in ag geneem het, spesifiek sy finansiële posisie. Met betrekking tot sy finansiële posisie is daar

---

4 1998 (2) SASV 213 (HHA) te bladsy 216.

5 1999 (2) SASV 238 (HHA) te par 10.
Sien ook S v Malgas 2001 (1) SASV 469 (HHA) op 478 d-h.

betoog tydens die verhoor, dat die appellant R7 200,00 per maand verdien, maar na aftrekkings het hy R6 000,00 beskikbaar in ‘n maand. Daar is ook betoog dat alhoewel hy geen kinders het nie, hy net vir sy ma sorg en dat hy ‘n boete kon afbetaal in paaiemente van R700,00 per maand. Geen ander submissies is gemaak oor hoe die R6 000,00 aangewend word en wat sy ander uitgawes is in ‘n maand.

14] Met betrekking tot die omstandighede waarin die voorvalle plaasgevind het, het ek oorweging geskenk aan die feite wat voor die verhoorhof geplaas is en is van mening dat die volgende aspekte van belang is. In die eerste voorval was daar geen beserings of skade veroorsaak nie. In die tweede voorval alhoewel daar ook geen beserings was nie, was daar wel skade aan die ander voertuig.

15] Alhoewel dit verswarend is dat die tweede voorval plaasgevind het in net vier maande na die eerste voorval terwyl die appellant verhoorafwagtend was, is ek van mening dat die omstandighede waarin die tweede voorval plaasgevind het, ook ‘n rol behoort te gespeel het by die oplegging van vonnis. Die appellant in sy pleitverduideliking sê dat ‘n aankomende voertuig se ligte wat nie gedomp was nie, hom verblind het en toe die voertuie verby mekaar ry, het die voertuie teen mekaar gebots. Dit blyk dus asof die drank inname nie die uitsluitlike oorsaak van die botsing was nie, maar dat die bydraende nalatigheid van die bestuurder van die ander voertuig wat nie sy ligte gedomp het nie ook bygedra het tot die ongeluk.

16] Weens die groot aantal dronkbestuursake in die laerhowe, het die Hoër Howe riglyne daar gestel met betrekking tot vonnis om eenvormigheid en teenstrydigheid te vermy. Daar is vasgestel dat ‘n gepaste vonnis is ‘n boete van R4 000,00 tot R6 000,00 met alternatief ‘n termyn van gevangenisstraf van ses tot agtien maande. Daarna word verwys as die “norm” vir boetes.

17] In **S v Serabo**[6] het Jones R[7] die beginsels uiteengesit wat in ag geneem behoort te word met betrekking tot vonnisse in dronkbestuur sake.

---

6 2002 (1) SASV 391 (ECD).
7 *Supra* op bladsy 394 c-h.

18] Alhoewel die "norms" neergelê was, was Jones R van oordeel dat dit nie die diskresie van die verhoorhof wegneem of moet belemmer as dit by vonnis oplegging kom nie.

19] Op bladsy 397 e-f stel Jones R dit soos volg:

> "The norm should be no more than a point of departure. The sentencing officer must still exercise his discretion judicially in order to arrive at a sentence which is just, balanced, compassionate and appropriate, due regard being had to the seriousness of the case before him, the personal interests of the offender, the interests of society as a whole, and the objects of retribution, rehabilitation, deterrence and the prevention of crime which lie at the root of criminal punishment. If he does so, he will frequently find himself departing from the norm."

20] Verder stel hy dit soos volg:[8]

> "In my view, a fine within the range of R4 000 to R6 000 is not excessive or unreasonable if regard is had to the gravity of a contravention of s 65(1) and its prevalence, provided that the norm is used as a point of departure. As Mullins J put it at 320A of the Labuschagne judgment:
>
> > 'What cannot be overemphasised, however, is that each case must be considered individually and the fine must inter alia, relate to the accused's income and ability to pay, while at the same time the accused must feel the "sting" or "bite" of the fine he is called upon to pay. Cf S v De Beer 1977 (2) SA 161 (O).'
>
> What is necessary in every case is a careful enquiry into the accused's assets, his income, and his ability to pay the fine so that the magistrate can see for himself that the fine is within the accused's reach, and that the 'sting' or 'bite' is not in his case oppressive or excessive."

21] In **S v Rooi**[9] is die beginsels in Serabo toegepas en maak Bozalek R die volgende opmerkings[10]:

> "The fact that the fine imposed by the magistrate in the present matter falls within the limits of a district court's jurisdiction is by no means the end of the matter. The maximum fine is not itself a bench-mark, as the magistrate appears to have reasoned. Any fine imposed must bear a relation to the convicted person's means and must fall, all things being equal, within the parameters established by sentences imposed in similar matters where guidelines have evolved. See, in this regard, S v Serabo and Five Similar Cases 2002 (1) SACR 391 (E), where it was held that the 'norm' for such sentences is a fine of R4 000 to R6 000 with an alternative of imprisonment

8 *Supra* op bladsy 399 a-c.
9 2007 (1) SASV (C) 668.
10 *Supra* op bladsy 670 i – 671 c.

> for a period of between six and 18 months. While the suspension of the sentence does soften the punishment, the fact remains that the sentence may at a later stage be carried into effect, and it must therefore be appropriate, having all regard to the circumstances of the case, regardless of the fact that it is suspended."

22] Dit wil voorkom dat die landdros nie oorweging geskenk het aan die "norm" vir boetes.

23] Ek stem saam met Adv. Nel dat die verhoorhof misgetas het deur die aanklagte saam te neem vir doeleindes van vonnis. In die eerste plek verskil die opgelegde vonnis so wesenlik van die norm wat deur ons howe bepaal word dat dit skokkend onvanpas is.

24] Die aanklagtes moes afsonderlik gehanteer word en afsonderlike vonisse vir elk van die aanklagte moes deur die verhoorhof oorweeg en opgelê word. Dit blyk dat die landdros ook nie genoegsame aandag geskenk het aan die persoonlike omstandighede van die appellant en dat hy derhalwe die omstandighede onderbeklemtoon het. In die lig van sodanige mistasting is ons van oordeel dat hierdie hof met die vonnis moet inmeng, en oorweging moet skenk aan 'n gepaste vonnis.

25] Die volgende bevel word dus gemaak:

**25.1] Die appél teen die vonnis wat opgelê is slaag en die vonnis word ter syde gestel en vervang met die volgende:**

**25.1.1]Op aanklag 1: 'n boete van R4000,00 (vier duisend rand) met 'n alternatief van 6 (ses) maande gevangenisstraf, wat in die geheel opgeskort word vir 'n termyn van 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan 'n oortreding van art 65(1) of art 65(2) van Wet 93 van 1996, gepleeg binne die opskortingstermyn nie.**

**25.1.2]Op aanklag 2 'n boete van R 8000,00 (agtduisend rand) met 'n alternatief van 18 (agtien) maande gevangenisstraf, waarvan R 2000,00 (tweeduisend**

**rand) en 6 (ses) maande opgeskort word vir ‘n termyn van 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan ‘n oortreding van art 65(1) van Wet 93 van 1996, gepleeg binne die opskortingstermyn nie.**

___________________________

**JI HENRIQUES**

**WAARNEMENDE REGTER**

**EK STEM SAAM EN DIT WORD SO BEVEEL.**

___________________________

**CJ OLIVIER**

**REGTER**

**VERSKYNING**

Adv. I J Nel namens die appellant

Adv. JD Rosenberg namens die respondent